



Verwysing: 20170731-3395

13/7/1/4

Navrae: S Adams

Eksamenadministrasieminuut: 0007/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-koördinerings- en -advies, Kringbestuurders, Hoofde: IBB-koördinerings- en -advies, Adjunkhoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Sentrumbestuurders wat kandidate vir die OOV Vlak 4-eksamens voorberei

Onderwerp: Registrasie van kandidate vir die November 2017 OOV Vlak 4-eksamens met die oog op die verkryging van 'n Algemene Onderwys en Opleidingsertifikaat

1. Die Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (OOV) Vlak 4-eksamen is geskeduleer om op **Donderdag, 26 Oktober 2017 te begin en op Vrydag, 17 November 2017 te eindig.**
2. **Slegs geregistreerde gemeenskapsleersentrums van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO), insluitende sentrums van die Departement van Korrektiewe Dienste, mag kandidate vir eksamens in die leerareas van hul keuse inskryf, mits die kandidate die vereiste aktiwiteite van die sentrumgebaseerde assessering (SGA) in die betrokke leerareas voltooi het.**
3. **Sentrumbestuurders moet seker maak dat slegs daardie kandidate wat die vereiste SGA-aktiwiteite voltooi het, vir die eksamen ingeskryf word. Let asseblief daarop dat kandidate met onvoltooide SGA-punte nie getoets sal word nie.**
4. **Elke inskrywingsvorm moet deur 'n gesertifiseerde afskrif van die kandidaat se identiteitsdokument vergesel word.**
5. Die eksamen tel 50% van die totale punt vir 'n leerarea, terwyl die oorblywende 50% van die gemodereerde SGA-portefeuljies verkry sal word.
6. Sentrumbestuurders word versoek om die ingeslote inskrywingsvorm vir elke kandidaat wat vir die eksamens wil inskryf, te voltooi.

7. Indien 'n kandidaat weens siekte of ander onvermydelike omstandighede afwesig is, moet sodanige kandidaat se inskrywingsvorm deur die sentrumbestuurder onderteken word, wat dan ook langs sy of haar handtekening moet aandui dat die kandidaat afwesig was.
8. Let asseblief daarop dat geen veranderinge in leerareas toegelaat sal word ná die inskrywings gefinaliseer is nie. Inskrywingsvorms moet dus korrek voltooi word. 'n Alfabetiese lys van al die kandidate wat by die sentrum geregistreer is, moet die inskrywingsvorms vergesel.
9. Alle voltooide inskrywingsvorms, alfabeties gerangskik, tesame met **Bylae A** moet die Wes-Kaap Onderwysdepartement teen nie later nie as **Vrydag, 25 Augustus 2017** by die volgende adres bereik (**let asseblief daarop dat GEEN laat inskrywings, ongeag die redes of omstandighede, aanvaar sal word NIE**):

Vir aandag: Mnr CW Roodt
Kamer 515, 5de Vloer
Direktoraat: Eksamenadministrasie
Wes-Kaap Onderwysdepartement
Grand Central Towers
Laer Parlementstraat
KAAPSTAD
8001
10. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2017-08-08